


**Preekblaadjie vir Sondag, 28 Junie 2026**
**Skriflesing: Nehemia 4:1-23**
**Tema: "Bou verder, al is daar teenstand."**

**Chris de Wet**

Die volk het God se roeping ernstig opgeneem en die muur begin herbou. Hoe verder hulle egter gebou het, hoe hewiger het die teenkanting geword. Die vyande het begin spot, dreig en intimideer. Dieselfde gebeur vandag. Wanneer jongmense besluit om Jesus ernstig te volg, ontstaan daar dikwels weerstand: groepsdruk, bespotting, versoekings, twyfel, kritiek en soms selfs vervolging.

Die vraag is nie óf daar teenstand sal wees nie. Die vraag is: **Hoe reageer ons daarop?**

Jesus het sy dissipels hierop voorberei: *"In die wêreld sal julle dit moeilik hê; maar hou goeie moed, Ek het die wêreld klaar oorwin."* (Johannes 16:33)

**1. Teenstand beteken nie jy is op die verkeerde pad nie (vv. 1-6)**

Sanballat en Tobija spot met die bouers. Hulle probeer die volk ontmoedig. Hulle sê eintlik: "Julle is te swak." "Julle plan gaan misluk." "Julle werk is waardeloos."

Tog hou die volk aan bou. *"Die volk se hart was in hulle werk"* (vers 6).

Vandag is daar soortgelyke stemme wat sê: "Jy hoef nie so ernstig oor jou geloof te wees nie." "Die Bybel is oudmodies." "Jy pas nie in as jy anders leef nie." "Niemand glo meer daardie goed nie." Die feit dat mense jou geloof bevraagteken, beteken nie dat God jou verlaat het nie. Dit beteken dikwels dat jy besig is om iets te doen wat saak maak.

Jesus self is bespot, verwerp en gekruisig. Sy volgelinge moet nie verbaas wees as hulle soortgelyke teenstand ervaar nie. Lees gerus Matt. 10:24-25.

**2. Wanneer druk toeneem, bid én werk verder (vv. 7-15)**

Die vyande gaan van spottery na dreigemente. Wat doen Nehemia? *"Ons het tot ons God gebid en dag en nag ‘n wag teen hulle uitgesit"* (vers 9). Hy bid én tree op.

Wanneer jy versoekings beleef, geestelik moeg raak, met angs of onsekerheid worstel, dan moet jy nie net bid of net probeer harder werk nie. Bid. Vertrou God. Neem ook verantwoordelike stappe. God werk dikwels deur ons gehoorsame optrede.

**3. Onthou hoe groot God is (v. 14)**

Dit is die hoogtepunt van die hoofstuk. Nehemia sê: *"Julle moenie bang wees vir hulle nie. Dink aan die groot en ontsagwekkende Heer"* (vers 14). Die oplossing vir vrees is nie om voor te gee dat jy sterk is nie. Die oplossing is om te onthou hoe groot God is.

Ons fokus maklik op die probleem, die toekoms, of die mense wat teen ons is. Nehemia verskuif die fokus na God. Vrees krimp wanneer God groter word in ons oë. Ons as gelowiges leef nie net met die herinnering aan God se dade nie; ons ken die opgestane Christus, wat sonde en die dood en die Satan oorwin het. Daarom veg ons nie vir oorwinning nie; ons leef vanuit sy oorwinning.

**4. Bou met een hand en hou die swaard in die ander (vv. 16-23)**

Die volk werk én bly waaksaam. Hulle raak nie paranoïes nie, maar ook nie naïef nie. Christene moet nie uit die wêreld onttrek nie, of geestelik aan die slaap raak nie.

In Efesiërs 6 praat Paulus van die geestelike wapenrusting en die "swaard van die Gees, dit is die woord van God".

Ons leef in 'n geestelike stryd, maar Christus is reeds Koning. Die Here op wie Nehemia vertrou het, is dieselfde Here wat ons in Jesus Christus ontmoet.

**Groepsbesprekingsvrae uit Nehemia 4**

1. Waarom dink julle het die teenstand juis sterker geword toe die muur begin vorder het (vv. 1-8)?
2. Wat is vandag die "spottery" wat Christene die meeste hoor oor hulle geloof?
3. Nehemia bid én tree op (v. 9). Waarom is albei nodig? Waar is jy geneig om te kort te skiet?
4. As Nehemia sy mense bemoedig dan vermaan hy hulle om aan die groot en ontsagwekkende Heer te dink (vers 14). Hoe sal jy dit prakties doen?
5. Waarom het die bouers mekaar nodig gehad in hierdie hoofstuk? Wat leer dit ons oor die belangrikheid van 'n geloofsgemeenskap?
6. As jy vandag 'n "swaard van die Gees" moes gebruik teen ontmoediging, watter Bybelvers sou jy kies?
7. Wat sou gebeur het as die volk na die spottery geluister en opgehou bou het? Wat leer dit oor volharding?